

4 Junie 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 17

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



**Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld**

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk  
Die Hervormer  
e-Hervormer

[www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)

[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

[www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"  
Uit Johannes 13: 12

## VOORBLAD

### Die aarde sal vol word van hulle vrugte

Ons het pas die uitstorting van die Heilige Gees herdenk. Dit is vandag opvallend hoe verskillend mense oor die Heilige Gees dink. Uitsprake wat vir ander gelowiges nogal erg verwarrend kan wees, word dikwels gemaak.

Een voorbeeld is uitsprake na aanleiding van die byeenkomste van Angus Buchan. Mense wat verklaar dit was so 'n groot sukses, omdat die Heilige Gees daar teenwoordig was. Ek dink nie iemand sal dit betwyfel dat die Heilige Gees daar teenwoordig was nie, maar ongelukkig word dit gesê asof die Heilige Gees nie ook elders teenwoordig is nie. Asof die Heilige Gees nie ook teenwoordig is nie waar 'n gewone gemeente 'n gewone erediens hou, waar 'n klein groepie gelowiges met Bybelstudie besig is, waar 'n gelowige in die binnekamer voor God stil word...

Dit is asof mense vergeet dat God alomteenwoordig is, dit wil sê dat God vry is om te wees waar Hy wil, wanneer Hy wil. Hy word nie beperk deur ruimte of tyd nie. Die Bybel verseker ons immers oor en oor en reeds in die Ou Testament dat God by sy kinders is. In die Nuwe Testament word Jesus se geboorte aangekondig met verwysing na die naam Immanuel. Sy geboorte moet ons laat beseef dat God met ons is. Ten opsigte van godsdienstige byeenkomste onthou ons die bekende woorde van Matteus 18: 20 wat ons verseker: *...want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.*

Dit sou dus verkeerd wees om God die Heilige Gees se teenwoordigheid tot sekere plekke of geleenthede te wil beperk. Intendeel, ons kan sy teenwoordigheid in geen opsig beperk nie.

Dalk moet ons onthou dat dit nie mense se aktiwiteite of byeenkomste is wat bepaal waar die Gees is nie. Nee, dit werk andersom. Dit is die Gees se aktiwiteite en teenwoordigheid wat bepaal waar mense is, wat mense doen en hoe mense glo.

Daar is wel sigbare tekens dat die Heilige Gees teenwoordig is in iemand se lewe. Tekens wat onder andere beskryf word as die vrugte van die Gees. Maar ook hier is dit nie die vrugte wat die Gees se teenwoordigheid bepaal nie, dit is die Gees se teenwoordigheid wat ons moet lei of motiveer om die vrugte te dra. Die Gees is in ons om ons te lei. Is ons oop om ons te laat lei?

Dink net watter verskil dit aan die wêreld sal maak as elke Christen dit kan regkry om die vrugte van die Gees te dra. Want so sal ons werklik 'n verskil maak aan die wêreld rondom ons, aan die mense wat ons lewensruimte deel. As ons as Christene dit maar net kan regkry om werklik lief te hê, vriendelik te wees, goedgehartig te wees, geduldig te wees...

Jesaja 27 beskryf dit so mooi. Dit gebruik die beeld van 'n wingerd om God se volk te beskryf. 'n Wingerd wat deur God aangeplant is en versorg word, wat by God se stad skuiling soek. So 'n wingerd se lote sal groei en die aarde sal vol word van hulle vrugte.

Mag die aarde vandag ook vol word van die vrugte wat ons as kinders van God dra. Mag ons lewe en ons liefde so vir die wêreld tot seën wees.

**Ds Chris le Roux, Stellenbosch/  
Worcester**



## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas.

### Beroepe ontvang

- **Dr Hendrik Breytenbach** (beroepafwagend) na Krugersdorp-Wes
- **Ds Jan Grobler** van Virginia/Kroonstad na die Kurumankombinasie
- **Ds Deirdre van der Merwe-Botha** van Brackenhurst (benoeming) na Brackenhurst (deelsorg)


### PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Sarel van der Westhuizen**, voormalige predikant van die Kerk en daarna van die AP Kerk, is op Saterdag 30 Mei oorlede. Die Kerk se meelewing word betuig met die familie. Ds Sarel se seun, ds Jasper van der Westhuizen van die kombinasie Hendrina/Breyten, sal die begrafnisdiens lei op Vrydag 5 Junie om 12:00. Twee van ds Sarel se ander kinders, Isabel Verynne en Du Toit van der Westhuizen, is ouderlinge van Gemeente Lichtenburg.
- Op Sondag 10 Mei het **ds Berend Greyling** sy 25 jaar ampsjubileum gevier. Hy is reeds 23 jaar predikant op Bethlehem. Sedert 1992 is hy ook predikant van die kombinasie met Reitz.
- **Ds Elsie Pretorius**, deelydse predikant van Gemeente Weltevreden, vier op Sondag 7 Junie haar 25ste jaar as predikant. Prof Theuns Dreyer, voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), sal gelukwense aan ds Pretorius oordra. Prof Dreyer is 'n jarelange vriend van die Wolmarans-gesin en het ook lank saam met ds Pretorius se vader, wyle oom Gawie Wolmarans, as lede van die Kommissie van die AKV gewerk. Die Wolmarans-gesin was lidmate van Gemeente Hartebeestpoort op Brits.
- **Prof Johan Buitendag** lewer op Donderdag 18 Junie om 19:00 in die Senaatsaal by die Universiteit van Pretoria sy intrede as hoof van die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek.
- **Dr Ernest Marran** en sy gesin word op Sondag 7 Junie deur Gemeente Losberg ontvang. Dr Marran word in sy amp bevestig deur ds Eksteen Botes van Nelspruit. Dr Fanie Pretorius sal namens die Kommissie van die AKV gelukwense oordra. Dr Marran is op 22 Oktober 1989 in Gemeente Waterval Boven georden en het voltyds in die een gemeente gewerk. Hy was verskeie kere lid van die Ringskommissie en ook voorsitter van die ring van Lydenburg.
- **Prop Marna Naudé** en haar eggenoot word op Sondag 7 Junie deur Gemeente Swartkop ontvang. Sy word by die geleentheid georden en in haar amp bevestig.
- **Prof Bart Oberholzer** se poskode het verander van 0066 na 0138. Sy adres is dus nou 37 Dolphin Park 3, Chickweedweg 518, Annlin 0138. Bring asseblief die wysiging aan op bladsy 40 van die *Almanak*.
- Emerituspredikant **ds JAAA Schroeder** se telefoonnommer het verander na 083 545 3151. Verander asseblief die gegewens op bladsy 39 van die *Almanak*.
- **Ds Phillip Horn** van Gemeente Louis Trichardt se selfoonnommer het verander. Dit is nou 084 209 5189. Bring die verandering asseblief aan op bladsy 53 van die *Almanak*.



Dr Hendrik Breytenbach

Ds Jan Grobler



Ds Deirdre van der Merwe-Botha



Ds Berend Greyling



Ds Elsie Pretorius

Prof Johan Buitendag



Dr Ernest Marran

Prop Marna Naudé



Die *Hervormer* en die *e-Hervormer* het nou 'n SMS-lyn waarheen kort kommentaar gestuur kan word oor enige saak wat in dié twee publikasies bespreek is. Opmerkings wat so ontvang word, sal deur 'n teologiese span bestudeer word, en mag op *Die Hervormer* se webwerf gepubliseer word. Stuur u SMS aan 071 229 8903, en kyk op [www.hervormer.co.za/](http://www.hervormer.co.za/) kommentaar vir onlangse SMS-boodskappe wat ontvang is.


- **Dr Gerhard Nel** van Gemeente Hartebeeshoek bied weer sy **Bybelinterpretasiekursus** aan. Dit is 'n korrespondensiekursus, en alle studiegidse word voorsien. Vir navrae, besprekings of om 'n gratis inligtings-brosjyre te bekom, kontak dr Nel by 082 823 5074 of [gnel@nhk.co.za](mailto:gnel@nhk.co.za).
- **Die volgende predikante verjaar van 5 tot 11 Junie**, en word hartlik geluk gewens:
  - Vrydag 5 Junie: Dr Hans Dreyer en ds Frikkie van Wyk
  - Saterdag 6 Junie: Prof Andries Breytenbach en ds Herman Jansen van Rensburg
  - Sondag 7 Junie: Di Leon Nell en Johnny Young
  - Maandag 8 Junie: Ds Willem Breytenbach
  - Dinsdag 9 Junie: Ds Kotie McDonald
- Die eerste **Voortgesette Toerusting van 2009** is van 2 tot 3 Junie by Gemeente Villieria aangebied. Die tema was *Persoonlike vaardighede*. Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) bied dieselfde toerusting ook van 10 tot 11 November aan. Predikante is verplig om een van die twee jaarlikse geleenthede by te woon. Kontak mev Betsie Brits by 012 420 5393 of [betsie.brits@up.ac.za](mailto:betsie.brits@up.ac.za).
- Daar is verlede week verkeerdelik berig dat gemeentes se **deurkollektes van 31 Mei** aan Gesinsorg afgestaan sou word. Die verwarring het ontstaan weens die Gesinsweek wat pas verby is. Die eredienskollektes van 31 Mei, wat Pinkstersondag was, moet aan die ring se apostolaatskomitee vir **sending** oorbetaal word. Gemeentes kan oorweeg om 'n ander Sondag se eredienskollektes oor te betaal vir Gesinsorg.
- **Die volgende ringsvergaderings vind plaas tot 11 Junie:**
  - Ring van Brakpan: 31 Mei en 6 Junie te Sundra
  - Ring van Noordelike Pretoria: 5 en 6 Junie te Wonderboom
  - Ring van Wes-Kaapland: 6 Junie te Kaapstad
  - Ring van Bothaville: 6 Junie te Kroonstad
  - Ring van Heilbron: 6 Junie te Harrismith
  - Ring van Maquassi: 9 Junie te Leeudoringstad
  - Ring van Zoutpansberg: 9 Junie te Oostelike Pietersburg
  - Ring van Waterberg: 10 Junie te Naboomspruit
- **Gemeente Vaalpark** het 'n **vakature vir 'n orrelis**. Aansoeke moet **voor 26 Julie** gerig word aan die administratiewe beampte, Dorea du Bruyn, by Posbus 61184, Vaalpark 1948. of per e-pos na [vaalpark@nhk.co.za](mailto:vaalpark@nhk.co.za). Skakel die gemeentekantoor by 016 971 1999 of 083 225 7391 of stuur 'n faks na 086 636 1037. Aansoekers moet bereid wees om 'n persoonlike onderhoud met die kerkraad te voer, waartydens evaluering van orrelspel sal plaasvind. Vergoeding is onderhandelbaar.
- Die **gemeentes Dendron en Vivo** het besluit om saam te smelt. Voorlopig sal die gemeente as Gemeente Vivo bekendstaan. Die skriba van Vivo versoek dat posstukke net na die adres van Vivo gestuur moet word, naamlik Posbus 17, Vivo 0924.
- Die diakens van **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** vra mooi: *Help ons met 'n kombors of 'n geldelike donasie waarmee ons komberse kan aanskaaf vir behoeftiges wat dit nie kan bekostig nie*. Skakel Annatjie Sandrock by 072 356 7189 of 015 295 5464 vir meer besonderhede.
- **Gemeente Mosselbaai** het begin met die bou van sy kerk in Stilbaai, en is op soek na 'n goeie orrel, kerkbanke, preekstoel en ander meubels wat in 'n kerkgebou tuishoort. Indien u bewus is van 'n kerkgebou wat gesloop gaan





word of nie verder as kerkplek gebruik gaan word nie, en waar die genoemde items dalk beskikbaar mag wees, skakel asseblief met dr Fanie Pretorius by die Sinodale Kerkkantoor (012 322 8885 x256) of dr Gert Malan van Gemeente Mosselbaai (044 693 1085 of 083 340 2905).

- Die **MRCC** in Jouberton, Klerksdorp benodig 'n **kerkklok** vir hulle kerkgebou. Kontak ds André Ungerer by 082 940 8201 as u gemeente 'n kerkklok beskikbaar het.
- Die jongmense van die **ring van Noordelike Pretoria en Gemeente Derdepoort** bied op **Sondag 7 Junie 2009** om 17:00 die byeenkoms **Magtige Dreuning** aan met die tema *Fireproof: Never leave your partner behind*. Dit vind plaas by die kerkgebou van die gemeente by Swaanstraat 129, East Lynne, Pretoria. Kontak hulle by [magtigedreuning@gmail.com](mailto:magtigedreuning@gmail.com); web: <http://sites.google.com/site/magtigedreuning/>. Die Facebook-groep is Magtige Dreuning. Of skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933.
- 'n **Musiekaand** ten bate van die **DPS-kinderhuis Montana** word op **Vrydag 12 Junie** om 18:30 in die kerksaal van **Gemeente Wonderboom** by Marjoramlaan 84, Wonderboom-landbouhoewes gehou. Die kaartjies kos R50 per persoon, en toegang vir kinders onder 6 jaar is gratis. Ligte verversings is ingesluit. Ds Thinus van Staden, predikant van Gemeente Montana, sal optree en onder meer liedjies sing van sy tweede CD wat binnekort vrygestel word. Tashia van die Suid-Kaap tree ook op, asook onbekende kunstenaars uit die gemeente. Kontak Dorette Henderson by 012 567 7158 of 082 264 0870 om kaartjies te bekom.
- **Gemeente Erasmia** reël 'n **Bybelstap** vir **Saterdag 15 Augustus** by die Voortrekkermonument. Registrasie begin om 06:30, en die koste is R25 per persoon. Alle deelnemers gaan 'n medalje van die Bybelgenootskap ontvang. Skakel 082 962 2870 of 012 370 3513 vir meer inligting. Hulle benodig ook borge sodat die onkoste gedek kan word.



Ds Thinus  
van Staden

Tashia

## Basaars en ander pret


- **Gemeente Primrose-Oos** hou op **Saterdag 6 Junie basaar** op hul kerkterrein in Lucystraat in Homestead. Vir verdere besonderhede, kontak Louise du Toit by die gemeentelike kerkkantoor, 011 822 1669 of [nhkprimroseoos@mweb.co.za](mailto:nhkprimroseoos@mweb.co.za), of Grietjie Smuts by 083 525 1402.
- **Gemeente Groot Marico** hou hul jaarlikse **karnaval** op **Saterdag 6 Junie**. Navrae kan gerig word aan Boet Nel by 083 700 9751 of ds Willem Sauer by 079 699 1237. Besoek gerus ook [www.maricosafarikarnaval.co.za](http://www.maricosafarikarnaval.co.za).
- **Gemeente Wesmoot** in Pretoria hou op **Saterdag 6 Junie** vanaf 08:00 **basaar** op die parkeerterrein van Trade Centre. Daar sal vermaak wees vir die kinders, 'n teetuin met tuisgebak, en al die lekker dinge wat net by kerkbasaars te kry is.
- **Gemeente Van der Hoff** in Groblersdal hou op **Saterdag 6 Junie** op die kerkterrein in Voortrekkerstraat hul jaarlikse **basaar** met die *Super 14 Rugby* as tema. Die gemeentelike gaan 'n paar 7's-rugbyspanne saamstel en die Vodacom Bulls Babes kom hoogskop.
- **Gemeente Laer Suidkus** bied op **Vrydag 19 Junie** om 19:00 'n **Prawnfees** aan in die stadsaal van Port Shepstone. Yoti die Griekse Boertjie tree op as gaskunstenaar. Die fees vind plaas in dieselfde tyd as die opwindende Sardienloop. Kaartjies kos R140 per persoon, en verblyfreelings kan getref word. Kontak ds Jacques Pieterse by 082 458 4482 of [jacquesjean@vodamail.co.za](mailto:jacquesjean@vodamail.co.za).



- **Gemeente Roedtan** bied 'n **jagkompetisie** aan ter waarde van R30 000. Die 1ste prys is 4 blouwildebeeste, 2 koedoes, 2 blesbokke en 1 vlakvark. Die 2de prys is 'n naweekvoël jag vir 10 persone. Akkommodasie word verskaf vir 10 persone vir 3 dae. Die koste is R50 per kaartjie, die trekkingsdatum is **Sondag 19 Julie**, en die jagdatum is vanaf 23 Julie 2009. Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, 015 667 0045 of [redinex@mweb.co.za](mailto:redinex@mweb.co.za). *Jy en jou gesin kan nog vanjaar gaan jag!*
- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholffuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Daar is meer as R20 000 se pryse te wen. Inskrywings kos R1 600 per vierbal en sluit twee gholffkarretjies, 'n geskenkpakkie, die prysuitdeling en 'n aandete in. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

## ANDER NUUS

- **Mev Susann van Zyl**, bestuurder van die SENTIK-boekwinkel, se telefoonnommer is 012 322 8885 x232 terwyl die boekwinkel geveerf word.
- **Die halfjaarverslae** van rade word op 4 en 5 Junie deur die Kommissie van die AKV behandel. Die verslae toon duidelik die vordering van die rade se werk aan. Die werksaamhede van rade sal in die tweede deel van vanjaar die laaste pylvak betree, aangesien die verslae vir die 69ste Algemene Kerkvergadering vroeg in 2010 gereedgemaak moet word.
- Die Kommissie van die AKV voer tydens sy vergadering op **5 Junie** verder gesprek met lede van die **HCM Fourie Vriendekring/Stigting**.
- **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)** stel op **Vrydagaand 5 Junie** om 18:30 vir 19:00 **Projek Bartimeus** bekend in die auditorium van die **kerksondermure (NGK Verwoerdburgstad, Hippolaan, Centurion)**. Sop en sjerrie word na die tyd bedien. Kontak mej Karin du Toit by 012 320 7644.
- Die **NHSV hoofbestuur**, in samewerking met die Algemene Diakensvergadering (**ADV**), bied op **Saterdag 6 Junie** van 09:00 tot 13:30 'n **beraad oor dissipline** aan. Die tema is **GESONDE GESINNE**, en dit vind plaas by Gemeente Montana, hv Jan Bantjies- en Azanzaweg, Montana, Pretoria. Inskrywingsgeld beloop R100 per persoon en is betaalbaar aan die NHSV hoofbestuur. Dit sluit tee en verversings asook 'n ligte middagete in. Kontak die NHSV kantoor by 012 325 0117.
- **Die Ondersteuningsraad** bied gedurende die **September-skoolvakansie 'n kamp** aan vir 100 sorgbehoewende kinders. Terapeutiese groepwerk sal deur maatskaplike werkers aangebied word, en studente sal help met onder meer sportaktiwiteite. Die Raad moet self die fondse vir die kamp genereer. Enigiemand wat kan help om kinders vir die kamp te borg, of wat meer inligting oor die projek verlang, kan Suzanne van Deventer kontak by 012 325-2320, 071 684 7789 of [oraad@telkomsa.net](mailto:oraad@telkomsa.net). Die koste van die kamp is R600 per kind (dit sluit verblyf, etes, vervoer en hulpmiddels in).
- Gedurende 1924 (85 jaar gelede) is die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** gestig. Alle predikante is lede van dié vereniging. Die bestuur van 2009 wil vanjaar 'n besondere fondsinsameling loods en terselfdertyd 'n reünie hou om al die Van der Hoffers bymekaar te bring. 'n **Gholffkompetisie** word beplan vir **Dinsdag 22 September**, en die dag sal afgesluit word met die tradisionele Van der Hoff-dinee. Belangstellendes word genooi om 'n borgskap aan te bied. Kontak asseblief een van die volgende persone as u kan help:





- o Marius Kramer (Praeses) 082 346 7258
- o Elritia le Roux (Assessor) 083 503 4262
- o Tiaan Loedolff (Fiscus) 073 529 1538
- o Lise-Marie Swanepoel (Abactus) 083 943 4561

- **Belangrike vergaderings**

Hierdie vergaderings is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

- o Kommissie van die AKV op Donderdag 4 en Vrydag 5 Junie
- o Komitee vir Liturgiese Geskrifte op Maandag 8 Junie
- o Raad vir Pastoraat en Presbiteraat op Donderdag 11 Junie

## AGTERBLAD

### Ouers moet só insae lewer oor bestuur van skole

SOWAT 12 miljoen Suid-Afrikaners gaan binnekort weer na die stembus. Dié keer is dit ouers van leerders in die land se nagenoeg 25 000 openbare skole wat hul kruisies gaan trek in die verkiesing van skoolbeheerliggame.

Kragtens die Suid-Afrikaanse Skolewet moet beheerliggame elke drie jaar verkies word. Die verkiesing het op 1 Junie begin en is naas die verkiesing van nasionale, provinsiale en plaaslike regerings die grootste verkiesing in Suid-Afrika. Elke skool bepaal self op watter datum binne die verkiesingstydperk hy sy beheerliggaamverkiesing sal hou.

*Dit is ouers se plig om aan hierdie verkiesing deel te neem, sê mnr Paul Colditz, hoof-uitvoerende beampte van die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole (Fedsas). Fedsas is 'n vrywillige vereniging van skoolbeheerliggame van openbare skole en staan die behoud en bevordering van gehalte-onderwys in dié skole voor. Sowat 1 100 openbare skole is reeds lede van Fedsas.*

Enige ouer van 'n ingeskrewe leerling van graad R tot graad 12 mag tot die beheerliggaam verkies word, en is ook geregtig om te stem. Daar is geringe verskille van provinsie tot provinsie, daarom is dit belangrik dat ouers by die betrokke skool moet vasstel wat presies die nominerings- en verkiesingsprosedure behels.

Gegewe die invloed wat beheerliggame op byvoorbeeld die bepaling van 'n skool se taalbeleid, toelatingsbeleid en gedragskode vir leerders het, is dit van kardinale belang dat ouers hul stemreg sal uitvoer. Dit het al gebeur dat ouers van 'n bepaalde skool nie ten volle aan die verkiesing deelneem nie en dat 'n minderheid dan tot die beheerliggaam verkies word en besluite neem wat nie die regte, wense en voorkeure van die meerderheid in ag neem nie.

Vir verdere inligting, tree asseblief in verbinding met mnr Paul Colditz (hoof-uitvoerende beampte van Fedsas) by 082 414 5359, of mnr Jaco Deacon (nasionale operasionele beampte van Fedsas) by 083 795 2928.

Vir inligting oor die werkswyse van 'n beheerraad, kan na die webwerf van die NG Kerk, [www.ngkerk.org.za](http://www.ngkerk.org.za), gegaan word en 'n dokument getitel *CD-opnames vir beheerliggaamverkiesings 2009* afgelaai word.

\*\*\* Hierdie versoek is ontvang van dr Gustav Claassen, sameroeper van die Onderwyswerkgroep van die Tussenkerklike Raad (TKR).